# MARNEWECK FAMILIE GESKIEDENISARGIEF

## BYLAAG C5

### Afrikaanse Vertaling van die Ewige Verbanningsvonnis

*Leesbare Afrikaanse Weergawe*

*Kaap de Goede Hoop, 10 Desember 1794 / 31 Januarie 1795*

---

## Versoek deur die Tussentydse Fiskaal

Nademaal die koopman en tussentydse fiskaal, die heer Willem Stefanus van Ryneveld, op 25 Oktober van die afgelope jaar 1794, aan die Agbare Raad van Justisie getoon het,

Hoe die dragonder, Coenraad Marnewek, wie se loon gestaak is, dit nie ontsien het om, toe hy weens gedrag wat selfs ten aansien van sy bevoegde regters oneerbiedig en honend was, aangehou en in gyseling geplaas is, en ingevolge 'n besluit van die Weledele Gr. Agbare Here Kommissaris en Edelagbare Raad van Polisie, tussen 29 September van dieselfde jaar en die 24ste van gemelde maand Oktober aan boord van die skip, wat destyds gereed gelê het, getransporteer sou word sodat 'n verderflike en skadelike onderdaan uit hierdie Kolonie weggestuur kon word, in die nag van 23 Oktober voor die vertrek sy gyseling verlaat het en op 'n bedekte wyse daaruit ontkom het waardeur hy die besluit van sy wettige heersers van nul en gener waarde gemaak het, sonder dat hy sedertdien ontdek en agterhaal kon word;

So is dit dat gemelde tussentydse fiskaal versoek het dat voornoemde Marnewek kragtens die bevel (van gebruiklike prestasie) binne 'n sekere (bepaalde) termyn gedaag mag word om in persoon voor die gereg te verskyn, sodat hy sy uitwyking kan goed maak en verantwoord;

## Die Vier Dagvaardinge

En die Raad die versoek aldus toegestaan het aan die (die persoon wat die saak uit hoofde van sy amp bewys het), en is voornoemde Coenraad Marnewek daarkragtens opeenvolgend deur drie ediktale sitasies gedaag, en word hy vir die laaste keer op 4 Desember jongslede uit grootmoedigheid ("ex super abundanti, more et loco solitus") volgens gebruik, en op die plek waar hy as skuldenaar moet presteer, kragtens openbare bevel en met klokgelui gedaag om hom op die 10de wat daarop volg in persoon in gereg te laat bring om vir bogenoemde misdryf te kom vergoed en te verantwoord – maar dat hy dit nie goed gevind het nie om in die hof te verskyn;

## Die Vonnis

Waarop die tussentydse fiskaal, nadat die (gedaagde) die vierde keer weerspannig was, die Interdik gedien het en daarby tot slotsom gekom het na reg, het die Edelagbare Raad van Justisie, wat voormelde Interdik met opmerksaamheid oorweeg en ook gelet het op die weerspannigheid van die oortreder en growwe skuldenaar, en ook al sou dit verder geensins die saak gedien het om hulle Edelagbare Here te kon beweeg nie, reg gedoen het op naam van en ter wille van die Hoogmoënde Here Stategeneraal van die Verenigde Nederlande, die gedaagde oortreder en growwe skuldenaar, Coenraad Marnewek geban, soos hulle Edelagbares hom ook vir ewige dae verban uit die Regering en uit sy juridiksie: op straf daarvan dat, as hy te eniger tyd in die hande van die gereg sou val, hy dan na verdienste gestraf sal word en dat die gedaagde oortreder en growwe skuldenaar veroordeel word om al die koste wat op hierdie saak betrekking het, te dra.

> *ALDUS gedaan en verly aan die Kaap die Goeie Hoop op 10 Desember 1794 en afgekondig in die Kasteel van die Goeie Hoop op 31 Januarie 1795.*